

Sing vooraf staande: Psalm 89:9, 11 (p. 446)

- 9 My hand sal hom bewaak, bestendig dag en nag; / my arm sal hom in nood versterk met moed en krag.
Val hom die vyand aan, dit sal hul nie geluk nie; / die man van onreg sal hom nooit kan onderdruk nie;
wie hom beangstig, of dit ooit teen hom wil wae, / die sal my hand besoek met strafgerig en plaë.
- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:5, 6 (p. 481)

- 5 Gee aan sy Naam die hoogste eer. / Bring aan uit alle lande / sy tempelofferande;
buig daar in heil'ge kleding neer! / Die aarde – al wat leef, / moet voor Hom skrik en beef.
- 6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy –
dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Gebed

Psalm 110:5, 6 (p. 550)

- 5 Groot-Priester wat die HEER so hoog geëer het / dat U kan opstyg tot die hoogste trap –
U is dit na die eed wat God gesweer het, / na Melgisédeks eewige priesterskap!
- 6 Die HEER wat dit van U, sy Vors, voorspel het – / sy moontheid sal met U ten stryde gaan;
en konings wat hul teen U opgestel het, / sal Hy wat saam trek, in sy toorn verslaan.

Skriflesing: Johannes 17:1-26; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 26

Kernvers: Johannes 17:11, 21

Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.

Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

(Johannes 17:11, 21 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 26

Christus Ons Voorspraak

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhewenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie, Hy wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het (Fil 2:6-7 en Heb 2:17). As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde

vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was (Rom 5:8, 10)? En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit soveel daarvan as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op aarde het (Matt 28:18)? En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God? Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat hierdie gewoonte posgevat het om die heiliges te onteer in plaas van om hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges nooit gedoen of gesoek het nie, maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit uit hulle geskrifte blyk.

Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof. Daarom sê die apostel – wanneer hy hierdie dwase vrees, of liever die gebrek aan vertroue, van ons wil wegneem – dat Jesus Christus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gelyk het, kan Hy dié help wat versoek word (Heb 2:17-18). En om ons nog meer moed te gee om na Hom toe te gaan, sê die apostel vervolgens: **'Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word'** (Heb 4:14-16). Dieselfde apostel sê: **'Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ... laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofversekerdheid ...'** (Heb 10:19, 22). En voorts: **'maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree'** (Heb 7:24-25). Wat kom daar dan nog kort, aangesien Christus self sê: **'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie'** (Joh 14:6)?

Waarom sou ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander een te neem of liever 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit ons in die gebed van die Here geleer word; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word (Joh 16:23).

1 Tim 2:5; 1 Joh 2:1; Rom 8:26; Deut 4:24; Gen 3:10; Eks 20:19; Jer 2:33; Jes 43:22; Hos 13:9; Luk 18:19; Efes 3:20; 1 Joh 4:10; Efes 3:19; Fil 2:7; Joh 15:13; Matt 28; Heb 1:3, 7; Jes 55:1-3; Matt 11:28; Jak 5:17; Ps 115:1; Hand 14:15; 10:26; Heb 9:24; Joh 11:9; Hand 4:12; 1 Kor 1:30; Ps 34:7; Jer 2:5; Heb 4:14, 16; Jer 17:5, 7; Heb 2:17-18; 4:14-16; Efes 2:18; Heb 10:19; 7:25; Joh 14:6; Ps 44:(21) 6; 1 Tim 2:5; 1 Joh 2:1; Rom 8:34; Luk 11:2; Joh 14:13; Jer 16:20; Heb 13:15; Rom 5:8.

Tema: As ons ewige Hoëpriester bid Christus vir ons

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, uit die Ou Testament leer ons dat 'n hoëpriester veral drie opdragte van God ontvang het. Hy moes offers vir die volk bring en dan veral die offer van versoening op die groot versoendag een maal per jaar. Hierdie versoeningsoffer op die groot versoendag het daaruit bestaan dat die hoëpriester die bloed van die bok wat geoffer word in 'n kom opvang. Nadat die bok op die altaar geoffer is, gaan die hoëpriester met die bok se bloed in die tempel in tot in die allerheiligste deel waar die verbondsark van die Here gestaan het. Van die bloed word dan op die versoendeksel van die verbondsark gesprinkel ter vergifnis van die volk se sonde en sodat daar versoening tussen God en die mense kan wees. Uiteindelik bring die hoëpriester die bloed weer na buite die tempel waar die volk staan en sprinkel van die bloed ook op hulle.

Die tweede opdrag wat die hoëpriester gehad het was om die volk te seën met die seën van God.

Hierdie seën van God word vandag nog by die begin en aan die einde van elke erediens oor die volk van God uitgespreek. En die derde opdrag van die hoëpriester was om vir die volk te bid. Net die priesters en die hoëpriester mag in die tempel ingegaan het. In die heilige deel van die tempel het die wierookaltaar gestaan waarop die priesters die wierook geoffer het. Terwyl die volk dan buite die tempel tot God gebid het, het die priester met wierook in die tempel ingegaan om die wierook op die altaar te offer. Die rook van die wierook wat opgestyg het, is dan teken van die gebede van die gelowiges wat tot God opstyg met 'n lieflike geur. Onderwyl die wierook brand, het die priester vir die volk gebid.

Met die woorde van Sondag 12 van ons Heidelbergse Kategismus bely ons dat die Seun van God Christus genoem word omdat Hy met die Heilige Gees gesalf is. Hy is gesalf en God het met die Heilige Gees bevestig dat sy Seun ons ewige Koning, ons hoogste Profeet en ons enigste Hoëpriester is. As ons enigste Hoëpriester het Jesus ook die drie opdragte van die Ou-Testamentiese hoëpriester volmaak uitgevoer op aarde. Jesus het geoffer – nie 'n bok nie – maar Homself. Hy is immers die Lam van God wat sy eie lewe vir die kinders van God afgelê het. In Artikel 21 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis het ons aandag gegee aan die opdrag om te offer soos wat Christus dit as ons Hoëpriester gedoen het. Met Artikel 26 lei die Heilige Gees ons om ook aandag te skenk aan die gebede wat Christus as ons Hoëpriester vir ons bid.

Jesus Christus is nie net ons enigste en volmaakte Verlosser nie. Hy het Homself nie net as die Lam van God in ons plek op die altaar van Golgota laat offer nie. Jesus Christus is ook ons Voorspraak by God. Johannes skryf in sy eerste brief hierdie troosryke woorde:

En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. (1 Johannes 2:1 AFR83)

Uit hierdie woorde van Johannes kom ons agter dat die werk van 'n voorspraak in 'n sekere sin dieselfde is as die werk van 'n advokaat. Wanneer 'n mens sondig, word jy 'n beskuldigde voor die Vader. En eintlik weet ons klaar wat die uitspraak van God oor 'n mens as 'n beskuldigde sal wees. Jy weet immers self dat jy skuldig is aan die sonde. Self kan jy nie jou saak voor God stel of om versagting pleit nie, want elke poging wat jy aanwend om jouself te verdedig of los te kry, vermeerder net jou skuld en werk verswarend mee.

Maar nou verskyn 'n mens ook nie stoksielalleen voor die regterstoel van die Vader nie. Jesus Christus verskyn saam met ons voor die Vader. En Hy tree as ons Voorspraak by die Vader op. Hy stel ons saak en gaan verder. Hy pleit vir ons vergifnis. En die gronde van hierdie pleit van Jesus is nie omdat ons sonde nie so erg was nie, ook nie omdat ons 'n voorbeeldige lewe gelei het en hierdie sonde nou eintlik deur ons voorbeeldige lewe gekanselleer behoort te word nie. Nee, die grond van Jesus Christus se pleit is sy eie werk wat Hy as die Lam van God in ons plek gedoen het. In alle eerbied vir die heiligheid van ons Drie-enige God kan ons onself voorstel dat Christus aan God sê: Vader, ek eis dat U hierdie broer of suster van My sal vergewe, want Ek het reeds vir sy of haar sonde die prys betaal. My lewe was die prys wat U self aanvaar het in die plek van hierdie broer of suster van My se lewe.

Broers, susters en kinders, Jesus het nie eers nadat Hy sy offer aan die kruis vir ons gebring het vir ons begin bid nie. In die evangelie hoor ons telkemale dat Jesus eenkant gegaan het om soms vir 'n hele nag lank in gebed te verkeer. Wat Hy by daardie geleent-hede gebid het, is egter nie vir ons opgeteken nie. Maar enkele van Jesus se gebede is vir ons wel opgeteken soos hierdie een in Johannes 17.

Op die vooraand, wanneer Jesus sy Vader aan die kruis gaan verheerlik en so God se plan uitvoer, bid Jesus:

Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. (Johannes 17:1 AFR83)

Verheerliking verwys onder andere na die belangrikheid en mag wat iemand in die oë van ander het. As Jesus dus bid dat die Vader die Seun moet verheerlik, bid Hy dat die Vader mense moet laat sien hoe belangrik en magtig Hy regtig is, dat Hy inderdaad die Here is. Dit sal die mense sien as Jesus uit die dood opstaan. Soos Thomas sal hulle besef en bely dat Jesus inderdaad die Here en God is.

Deur dieselfde daad waarmee die Vader die Seun gaan verheerlik, gaan die Seun ook die Vader verheerlik. Deur sy sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood sal Jesus die mense ook laat sien hoe belangrik en magtig God die Vader regtig is. Die Vader vergewe mense hulle sondes omdat Jesus Christus daarvoor betaal. By niemand anders kan die mens soveel genade ontvang as juis by God nie. En Hy wek sy Seun op uit die dood omdat Jesus se verlossingswerk presies dit is wat God verwag het om die mense hulle sondes te vergewe.

Maar die grootste deel van hierdie gebed staan Jesus af aan die voorbidding wat Hy doen. Reeds voor sy kruisoffer bid Hy vir sy dissipels. Tog is hulle nie die enigste mense wat tot geloof in Jesus Christus gekom het nie. Jesus weet dat daar ook nog baie ander mense deur die dissipels se toewyding aan God tot geloof in Jesus Christus sal kom. En vir hulle bid Jesus ook in hierdie gebed.

Geliefdes, as Jesus vir sy dissipels en vir sy kerk bid, bid Hy nie net dat God hulle sondes moet vergewe nie. Omdat God mense juis vryspreek op grond van Christus se kruisoffer en omdat hulle reeds van die vrypraak af kinders van God is, bid Hy veral dat God sy dissipels en uiteindelik ook sy kerk sal bewaar, sodat hulle as kinders van God in die wêreld kan bly lewe.

Die verhouding van die dissipels tot Jesus staan op die punt om drasties te verander. Jesus gaan nie meer langer in die wêreld bly nie. Jesus se vertrek uit die wêreld uit, eers die drie dae wat Hy dood was maar ook verderaan na die hemelvaart, is vir die dissipels 'n dreigende krisis. Dit is 'n krisis wat kan veroorsaak dat hulle onder druk en as gevolg van hulle swakheid kan beswyk en ophou glo, of nog erger, dat hulle sal toegee aan die vyand van God, naamlik die duiwel en sy kamerade, die wêreld en die dissipels se eie sondige natuur.

Daarom bid Jesus dat die Vader eers sy dissipels in sy eie Naam moet bewaar. Veral twee teenstanders van Jesus en die dissipels tree hier na vore. Die een is die wêreld. Omdat die dissipels anders as die wêreld leef en omdat die dissipels saam met Jesus al die oordeel van die wêreld aangekondig het, is die wêreld vyandig teenoor die dissipels. Geen mens wil graag hoor dat daar vir jou geen toekoms is nie. Vir die wêreld wat in sy sonde volhard, is daar inderdaad geen toekoms nie behalwe die ewige verdoemenis, en daarvoor haat die wêreld die dissipels.

Die wêreld se haat breek telkens uit in woorde en dade van haat. Mense wat nie begrip vir God se werk in Jesus Christus het nie en die mense wat God se werk in Jesus Christus verwerp, spot maklik met Christus se dissipels. Maar by spot bly dit nie. Selfs in daardie eerste klompie dae na die uitstorting van die Heilige Gees is die dissipels al vervolgd en in die tronk gegooi.

Christus het egter geweet dat die wêreld sy vyandigheid teenoor die kinders van God nooit sal staak nie. Daarom het Hy ook voorbidding gedoen vir al die mense wat deur die dissipels se diens aan God ook tot geloof in Hom sal kom. Op party plekke in die wêreld word die vyandelikheid van die wêreld teenoor die kerk steeds sigbaar in woorde en dade van haat. Die kerk van die Here word steeds op verskeie plekke vervolgd, en lidmate word in die tronk gegooi en selfs doodgemaak. Omdat Jesus dit geweet het, het Hy reeds toe Hy nog op aarde was, gebid dat die Vader ook sy kerk moet bewaar van die vyandelikheid van die wêreld sodat die gelowiges nie as gevolg van hulle swakheid sal beswyk in die geloof nie.

Die wêreld is egter nie by magte om self al die haat teen die dissipels en die kerk te bedink nie. Agter

hulle boosheid is die Bose. Hy is die aanstigter van alle haat teen die dissipels en die kerk. Alhoewel Jesus reeds voor hierdie gebed sy oorwinning oor die Satan vir die dissipels aangekondig het, beteken dit nie dat die duiwel maar 'n flouerige teenstander is nie. Hy is in staat om mense werklik tot 'n val te bring. Judas is immers 'n goeie voorbeeld van die duiwel se mag. Judas was nie maar een van die baie ander volgelinge van Jesus nie; hy was een van die twaalf verkose dissipels van Jesus. Satan is inderdaad 'n formidabele teenstander. En na Jesus se oorwinning oor die Satan op Golgota, spits hy al sy aandag op die dissipels en op die kerk van die Here toe. Daarom praat Petrus van die duiwel as 'n brullende leeu wat op die aarde rondloop en soek wat hy kan verskeur.

Geliefdes, hoor u wat Jesus by sy Vader vir jou en my ook bid. Hy bid dat die Vader ons sal beskerm en bewaar. Dit beteken egter nie dat die Vader ons in 'n kokon toemaak en sy hande soos ondeurdringbare mure rondom ons gevou is nie. Dit beteken ook nie dat die Vader die dissipels en die kerk van Christus uit die wêreld uit moes wegneem sodat hulle veilig weg van die vyandige wêreld en van die duiwel sou wees nie. Daarom beteken die beskerming waarvoor Jesus bid ook nie dat die dissipels en die kerk nooit vervolg en gehaat sou word nie. Die beskerming waarvoor Jesus bid, is dat sy dissipels en sy kerk nie onder die haat en vervolging van die wêreld en die duiwel sal ingee nie.

As die duiwel en die vyandige wêreld dan wel daarin slaag om die kerk 'n gevoelige slag toe te dien, gebeur dit egter nie omdat Jesus se gebed nie deur die Vader verhoor is nie. Dit beteken ook nie dat God sy kinders nou sommer in die mag van die duiwel oorgegee het nie. Deur die aanslag van die duiwel wil die Here egter sy mag en seggenskap oor sy kerk duidelik maak. Byvoorbeeld, Jesus het voor sy hemelvaart sy dissipels aangesê om sy getuies te wees van Jerusalem af tot aan die uithoeke van die aarde. Maar hulle eie geaardheid het gemaak dat hulle vir lank die goeie nuus van Jesus se verlossingswerk net in Jerusalem en in Judea gehou het. Deur die aanstigting van die duiwel het die Jode die kerk in Jerusalem vervolg. So het God sy seggenskap oor die kerk laat blyk. Die kerk sal getuies van Jesus wees tot aan die uithoeke van die aarde.

Die resultaat van hierdie bewaring waarvoor Jesus bid, is die eenheid van die dissipels en die kerk. Eerstens is dit 'n eenheid tussen God en die gelowiges en tweedens is dit ook 'n eenheid tussen die gelowiges onderling. Die gelowiges se eenheid met God beteken dat die gelowiges werklik die gesindheid van God deur sy Gees sal aanleer en daarin volhard. Dit beteken dat die gelowiges werklik as kinders van God sal lewe. Ondanks die aanslae van die wêreld en die duiwel, ondanks hulle eie begeertes en behoeftes is en bly God se wil vir hulle die belangrikste, want Hy is hulle Vader. Hulle dink en tree op soos wat die Vader dit van hulle verwag.

Die eenheid waarvoor Jesus bid geld ook vir die gelowiges onderling. Dit beteken dat al die gelowiges gesamentlik, ondanks hulle verskillende agtergronde, persoonlikhede en geaardhede, soos een man optree deur net die wil van God alleen te soek en te doen. En die voorbeeld van hierdie eenheid waarvoor Jesus bid, is die eenheid wat daar tussen Hom en sy Vader is. As Seun het Hy Seun gebly en die Vader het Vader gebly. Die Seun het nie die Vader geword nie en die Vader het nie die Seun geword nie. Maar Jesus was so gehoorsaam aan die Vader dat die wêreld die Vader deur Jesus kon leer ken. So moet die eenheid tussen die gelowiges onderling en hulle eenheid met God ook wees. God se wil moet die allerbelangrikste in hulle lewe wees, sodat die wêreld Jesus Christus in ons lewe met mekaar en met God kan leer ken. Dit is immers Jesus se bedoeling om sy kerk hier op aarde te hê. Hy stuur ons die wêreld in sodat die wêreld Hom en sy Vader kan leer ken en dien.

Geliefdes, hierdie gebed van ons Here Jesus is en word steeds deur God verhoor. God het hierdie gebed verhoor, want ons hier aan die suidpunt van Afrika is getuies daarvan. Na aanleiding daarvan dat die Vader die dissipels bewaar het en in die eenheid van die waarheid laat volhard het, het die evangelie oor die hele aarde uitgebrei. Daarom is daar vandag ook in Suid-Afrika die kerk van

Christus. En God verhoor steeds hierdie gebed van Jesus. Die feit dat ons, ondanks al ons verskille, nog in eenheid van die waarheid bly lewe, is 'n bewys dat God hierdie gebed verhoor.

Mag die Heilige Gees ons so beheers dat ons altyd, so lank as wat ons lewe, getuies van Jesus Christus hier in Bellville, in die Skiereiland en in Suid-Afrika sal bly. Mag ons waarlik in eenheid met God en met mekaar lewe sodat alle mense God en Jesus Christus deur ons lewe kan leer ken. So wil Jesus ons immers gebruik om sy waarheid op die aarde te bevestig. Dit is hoekom Hy tog vir ons gebed het en steeds bid.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (10:1, 2, 5, 6)

- | | | | |
|---|--|---|---|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid. |
| 5 | Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,
geen eng'lemag, bo-menslik groot, | 6 | geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly. |

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 Maart 2013